Wes-Kaapse Regering
Vervoer en Openbare Werke
BETER TESAME.

VOW **NOVEMBER HOOFTREKKE**

Lewering van gesondheidsinfrastruktuur

Die Wes-Kaapse Departement van Vervoer en Openbare Werke (VOW) lewer infrastruktuur en dienste aan die mense van die provinsie om positiewe sosio-ekonomiese uitkomstes en veilige, bemagtigde en verbinde gemeenskappe te bevorder.

Die nuwe R35 miljoen psigiatriese dienste-gebou wat tans by die Paarl Hospitaal onder konstruksie is, is geskeduleer om in Maart 2016 voltooi te wees.

Hierdie fasiliteit sal gespesialiseerde infrastrukturele kapasiteit voorsien om aan die toenemende behoeftes van die psigiatriese pasiënte wat na die hospitaal kom, te voldoen.'n Nuwe saal met 30 beddens (10 beddens vir vrouens, 17 beddens vir mans en die oorblywende vir gespesialiseerde dienste), asook dag-areas vir lewe en rehabilitasie, buite-areas wat binnepleine en verandas insluit, vier spreekkamers en 'n aantal diensareas, is van die kenmerke wat beskikbaar sal wees.

Wanneer die nuwe gebou voltooi is, sal die pasiënte by die Paarl Hospitaal tot multidissiplinêre sorg toegang hê. Dit is 'n voorbeeld van die verbintenis wat die Departement en sy vennote het om gehalte infrastruktuur aan al die mense van die Wes-Kaap te voorsien.

Ons lei in die lewering van staatsinfrastruktuur en verwante dienste **BETER TESAME**.